

W.10 STERBLASIEKRUID/STAR BLADDERWORT

(*Utricularia stellaris* L.f.)

(= *U. inflexa* Forssk. var. *stellaris* (L.f.) P. Taylor)

Familie: Lentibulariaceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Sterblasiekruid is 'n vrydrywende onderwaterkruid. Die blare is in 'n hele aantal fyn, draadvormige segmente met ronde blasies verdeel wat klein diertjies kan vang. Die bloeiwyse bestaan uit 6 tot 12 geel tot witterige blomme, dikwels met pers merke op, en word regop en bokant die water gehou deur 5 tot 7 blaasagtige organe wat stervormig gerangskik is. Die blomme is twee-lippig en die onderste lip het 'n kort sakkie aan die basis. Sterblasiekruid plant deur middel van klein saadjies wat in ronde vrugkapsules gevorm word voort asook deur fragmentasie.

Verwante spesies

Sterblasiekruid is die enigste Suider-Afrikaanse *Utricularia*-spesie met 'n krans van 5 tot 7 stywe blaasagtige organe (slegs 2 tot 4 keer so lank as wat dit breed is) wat bokant die basis van die bloeias gedra word.

Verspreiding

Die plant is wyd versprei in die meer vogtige streke van Suidelike Afrika - vanaf die Oos-Kaap noordwaarts deur Natal tot in Suidwes-Afrika/Namibië, Botswana en Transvaal. Verder kom dit ook in Angola, Zaïre, Zambië, Malawi, Zimbabwe en Mosambiek voor.


Ekologie

Sterblasiekruid word in stilstaande tot stadig vloeiende water gevind, in vleie, panne, damme, riviere en seisoenoorstroomde gebiede. Dit kom dikwels saam met ander waterplante soos *Lagarosiphon* (babergas), *Nymphaea* (waterlelie) en *Najas* (watersaagblaar) voor.

Belangrikheid

Hierdie plante groei soms in redelike digte massas wat bootvaart en hengel kan belemmer.





Wetgewing

Daar is geen wetgewing vir die beheer van sterblasiekruid nie.

Opmerkings

Die wetenskaplike naam is van *utriculus* = blaas, en *stellaris* = steragtig, afgelei, wat na die manier waarop die blaasagtige organe gerangskik is, verwys.

Spesienommer: 7901.000-01550

Literatuurverwysings

TAYLOR, P., 1964. The genus *Utricularia* L. (Lentibulariaceae) in Africa (south of the Sahara) and Madagascar. *Kew Bull.* 18: 1-245.

TAYLOR, P., 1973. Lentibulariaceae. *Flora of Tropical East Africa.*